higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

7 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	B
1.2	A
1.3	C
1.4	D
1.5	C
1.6	C
1.7	A
1.8	B
1.9	A
1.10	B
1.11	B
1.12	A
1.13	C
1.14	D
1.15	A
1.16	B
1.17	C
1.18	C
1.19	A
1.20	B

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1	2.1.1	een
	2.1.2	verpligtend
	2.1.3	kernvakke
	2.1.4	keusevak
	2.1.5	drie
	2.1.6	remediërende
	2.1.7	sensitief
	2.1.8	6
	2.1.9	inklusiwiteit
	2.1.10	eienskappe

(10 × 1) (10)

2.2	2.2.1	Waar
	2.2.2	Waar
	2.2.3	Onwaar
	2.2.4	Waar
	2.2.5	Waar
	2.2.6	Onwaar
	2.2.7	Waar
	2.2.8	Onwaar
	2.2.9	Waar
	2.2.10	Onwaar

(10 × 1) (10)
[20]

VRAAG 3

3.1	3.1.1	B		
	3.1.2	D		
	3.1.3	A		
	3.1.4	E		
	3.1.5	C		
	3.1.6	F		
	3.1.7	G		
	3.1.8	K		
	3.1.9	H		
	3.1.10	I		
			(10 × 1)	(10)
3.2	3.2.1	Emotiewe		
	3.2.2	Oordryf		
	3.2.3	Afsluit		
	3.2.4	Verwysing		
	3.2.5	Harvard		
	3.2.6	Universiteite		
	3.2.7	Wikipedia		
	3.2.8	NKR		
	3.2.9	SAKO		
	3.2.10	Onderstut		
			(10 × 1)	(10)
				[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Ja (1)

4.1.2
- Dit sal Zandile help om krities oor haar onderneming te dink en kritiese vrae oor haar toekomsplanne vir haarself en die onderneming te vra.
- Dit sal haar help om 'n professionele besluit oor die onderneming te neem en nie op emosies staat te maak om haar te lei nie.
- Dit sal haar help om die swakpunte, sterkpunte, geleenthede en bedreigings te ontleed.
- Sy sal ingeligte besluite kan neem oor hoe om die onderneming te verbeter. (Enige relevante 4 × 2) (8)

4.2
- Wat kan ek doen om meer wins te maak?
- Hoe kan ek my diens verbeter?
- Wat kan ek doen om meer kliënte te lok?

(Enige toepaslike vraag wat 'n uitgebreide antwoord vereis) (Enige 3 × 2) (6)

4.3
- Daar sal altyd 'n behoefte wees vir die onderneming, want mense sal altyd hulle hare moet laat sny.
- 'n Haarkapper kan die onderneming enige tyd vanaf sy/haar huis bedryf, wat die koste van die onderneming sal verminder. (Enige 2 × 2) (4)

4.4
- Die koste van elektrisiteit kan baie hoog wees, wat dit uitdagend kan maak om 'n wins te maak.
- Beurtkrag kan die onderneming negatief beïnvloed.
- Foute wat met hare gemaak word, kan nie maklik reggestel word nie, en die onderneming maak baie staat op wat kliënte vir ander mense daaroor sê. (Enige 2 × 2) (4)

4.5
- As 'n persoon nie krities oor sy/haar onderneming dink nie, sal hy/sy aanhou om dieselfde foute te herhaal.
- Kritiese denke sal 'n persoon help om op die belangrike aspekte van die onderneming te fokus.
- Kritiese denke sal tot professionele besluitneming lei. (Enige 3 × 1) (3)

4.6
- Verhoog die verkoopsmarge.
- Verbeter die dienste.
- Doen meer bemarking om meer kliënte te lok.
- Gebruik meer aanlyn bemarking.
- Verlaag die bokoste soos water en elektrisiteit, of gebruik goedkoper produkte. (Enige 2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1
5.1.1 Sentrale senuweestelsel / breinontwikkeling / kognitiewe ontwikkeling
5.1.2 Groot motoriese ontwikkeling / fisieke ontwikkeling / motoriese ontwikkeling
5.1.3 Fyn motoriese ontwikkeling / fisieke ontwikkeling / motoriese ontwikkeling
5.1.4 Sensoriese ontwikkeling / perseptuele ontwikkeling
(4 × 1) (4)

5.2 John Bowlby (1)

5.3
- Fase 1: Pregehegtheidsfase
  Geboorte tot 6 weke. ✓ Die baba is nie tydens hierdie stadium behoorlik aan die ma geheg nie✓ en sal nie deur 'n onbekende volwassene ontstel word nie.
- Fase 2: Fase van gehegtheid in wording
  6 weke tot 6–8 maande.✓ Die baba sal verskillend reageer op sy/haar ma as op 'n onbekende volwassene.✓ Die baba leer dat sy/haar optrede ander mense affekteer.
- Fase 3: Fase van duidelike gehegtheid
  6–8 maande tot 18 maande–2 jaar oud.✓ Die peuter raak maklik ontsteld wanneer sy/haar ma uit sig is.✓ Dit is dikwels wanneer skeidingsangs verskyn. (Enige relevante 3 × 2) (6)

5.4
- Positiewe gehegtheid sal verseker dat die baba veilig voel by die ma.
- Die baba sal nie angs ontwikkel as hy/sy weg van die ma af is nie, want hy/sy weet dat die ma sal terugkeer.
- Die baba sal emosioneel seker voel. Die baba sal die vryheid en moed hê om nuwe dinge te probeer omdat hy/sy seker voel.

(Enige relevante 3 × 2) (6)

5.5
5.5.1 Twee jaar
5.5.2 Konvensionele stadium van morele redenering
5.5.3 Adolessensie / 10–19 jaar
5.5.4 Die goedkeuring van gesagsfigure
5.5.5 Stadium van nakonvensionele morele redenering
(5 × 1) (5)

5.6
5.6.1 Emosionele kwosiënt is 'n individu se vermoë om sy/haar eie emosies en die emosies van ander mense te identifiseer en verstaan.

5.6.2 Spirituele kwosiënt is die vermoë van 'n persoon om aansluiting te vind by die betekenis van sy/haar lewe, hoe vervuld die persoon is en die betekenis van die mense in sy/haar lewe.
(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

5.7
- As ’n ma heeltyd siek voel terwyl sy swanger is, is dit hoogs waarskynlik dat sy nie die korrekte en genoeg voeding het vir die ongebore kind se breinontwikkeling nie.
- As die baba reeds gebore is, sal die ma moeg en siek voel en sal sy nie in staat wees om die kind te stimuleer en met die kind te speel nie, en die breinontwikkeling sal agter raak.
- Die ma sal ook waarskynlik geïrriteerd wees en sal nie die energie hê om vir haar en die baba gesonde kos te maak nie.
- Die ma sal nie in staat wees om te werk om genoeg geld te verdien vir ’n gebalanseerde dieet nie, wat nodig is vir optimale breinontwikkeling.

(Enige 2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

6.1
- In ’n stimulerende omgewing word ’n persoon se sintuie aan verskillende soorte stimulasie blootgestel, en dit sal breinontwikkeling verbeter.
- Elke nuwe ding waaraan ’n persoon blootgestel word, het ’n invloed op daardie persoon se ontwikkeling.
- As die persoon nie die stimulasie in die omgewing aangryp nie, sal die nodige ontwikkeling nie plaasvind nie. (Enige relevante 3 × 2) (6)

6.2 6.2.1 Wigotski se SPO verwys na die verskil tussen wat ’n kind intellektueel kan bereik teenoor wat hy/sy kan bereik met of ná die hulp van ’n volwassene of eweknie – dus deur middel van steierwerk. ’n Kind leer die beste wanneer hy/sy binne sy/haar SPO werk.

6.2.2 Die invloed van kultuur was van uiterste belang vir Wigotski. Mense leer verskillend volgens hulle kulture. Mense leer deur interaksie met ander mense (sosiokulturele leer). Kinders vorder na ’n volgende vlak van intellektuele ontwikkeling deur die bemiddeling van volwassenes.

(Enige 2 × 2) (4)

6.3
- Emosioneel intelligente mense is in staat om hulle eie emosies en dié van ander mense te assesseer.
- Hulle sal sensitief wees teenoor die mense met wie hulle werk.
- Hulle sal in staat wees om by verskillende omstandighede aan te pas en sal ook konflik kan vermy indien nodig. (Enige 2 × 2) (4)

6.4
- ’n Ouer met lae emosionele intelligensie sal nie in staat wees om empatie en geduld vir die kind te hê nie.
- Die ouer sal op die negatiewe aspekte van die kind fokus en sal nie die kind aanmoedig om as sy/haar eie persoon te ontwikkel nie.
- Die ouer sal nie die kind die vryheid gee om op sy/haar eie manier te ontwikkel nie.
- Die ouer het nie die vermoë om die kind emosionele intelligensie te leer nie.

(Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

6.5
- As mense meer empatie het, sal hulle die verskille tussen hulleself en ander kulture aanvaar.
- Hulle sal respek vir lewe hê en ander mense aanmoedig om volgens goeie moraal te leef.
- Mense met empatie sal ander mense wat bystand nodig het, help.

(Enige 2 × 2) (4)

6.6 6.6.1 Kulturele sensitiwiteit teenoor ander kulture sal tot beter verhoudings en respek tussen mense van verskillende kulture lei.

6.6.2
- Hoe meer mense entrepreneursvaardighede ontwikkel, hoe minder werkloosheid sal daar in Suid-Afrika wees.
- Hoe meer entrepreneursvaardighede ontwikkel word, hoe meer sal armoede afneem. (Enige 1 × 2)

6.6.3
- Verantwoordelike burgers skep 'n positiewe klimaat vir ekonomiese ontwikkeling in 'n land.
- Verantwoordelike burgers respekteer mense van ander kulture.

(Enige 1 × 2)

6.6.4
- As mense meer esteties sensitief is, sal hulle die kuns, musiek en tradisies van ander kulture meer waardeer.
- Hulle sal dit probeer bewaar.
- Daar sal minder vandalisme, vernietiging en besoedeling wees.

(Enige 1 × 2)
(4 × 2) (8)
[30]

VRAAG 7

7.1
- Dit is leerdergerigte leer.
- Assessering is 'n deurlopende proses.
- Leerders is goed voorbereid vir die assessering.
- Leerders word voorsien van vaardighede en kennis wat hulle in baie verskillende kontekste kan gebruik.
- Leer as 'n geheel is belangriker as om slegs individuele doelwitte te bereik.
- Die uitkomstes bepaal die inhoud.
- Dit bemagtig leerders om verantwoordelikheid vir hulle eie leer te neem; alle leerders kan leer.
- Dit is op behoeftes gegrond.
- Dit rus leerders toe vir die regte wêreld en lewenslange leer. (Enige 4 × 1) (4)

7.2
- Kinders se leerstyle verskil van mekaar en dus moet die assesseringsmetodes ook verskil.
- Verskillende assesseringsmetodes assesseer verskillende vermoëns van kinders.
- Kinders word regverdiger geassesseer.
- Verskillende assesseringswyses vir verskillende doelwitte.

(Enige relevante 3 × 2) (6)

7.3



Kopkaartformaat (1 punt); enige VIER relevante hindernisse (4 punte) (5)

7.4 7.4.1

- Die opvoedkundige kan ekstra aandag en vriendelikheid aan mishandelde leerders gee.
- Die mishandeling moet aan ’n maatskaplike werker of die polisie gerapporteer word.
- Die leerder kan saam met ’n ander leerder werk wat sterk emosionele intelligensie het. (Enige 2 × 1)

7.4.2

- Daar kan tydens pouse vir honger leerders toebroodjies gegee word.
- Kinders kan aangemoedig word om te deel.
- ’n Groentetuin kan by die skool geplant word om kos aan leerders en hulle gesinne te voorsien.
- Kombuise wat kos verskaf, kan by die skool gestig word.

(Enige 2 × 1)

7.4.3

- Daar kan aan leerders hulptoestelle gegee word.
- Leerders kan in pare met ander kinders werk om hulle te help.
- Gee een-tot-een-ondersteuning.
- Gee emosionele ondersteuning / positiewe terugvoer. (2 × 1)

(3 × 2) (6)

7.5 7.5.1
- Diagnostiese assessering word gebruik om die aard en oorsaak van hindernisse tot leer te bepaal wat spesifieke leerders moontlik ondervind.
- Leiding, ondersteuning en toepaslike ingrypings volg so 'n assessering soos nodig. (Enige 2 × 1) (2)

7.5.2
- Formatiewe assessering lig sowel die onderwyser en die leerder in en word deur onderwysers gebruik om terugvoer aan die leerder te gee oor die leerder se vordering ten einde leer te verbeter. (1 × 2) (2)

7.6
- Die NKR maak dit maklik vir leerders om self te sien hoe hulle van een vlak na 'n volgende kan vorder.
- Met die NKR-stelsel kan werkgewers 'n duidelike idee vorm van die kwalifikasievlak wat hulle werknemers moet hê.
- Die NKR bevorder lewenslange leer. (Enige 2 × 2) (4)

7.7 15 jaar oud (1)
[30]

VRAAG 8

8.1	8.1.1	bemagtig	(1)
	8.1.2	hoër onderwys en opleiding / HOO	(1)
	8.1.3	tegniese en beroepsgerigte onderwys en opleiding / TBOO;	(1)
	8.1.4	insluiting	(1)
	8.1.5	5	(1)
	8.1.6	6	(1)
	8.1.7	Leeruitkomstes	(1)
	8.1.8	maatskaplike geregtigheid / gelykheid / insluiting (Enige TWEE)	(2)

8.2
- Die gemeenskap kan geld insamel om 'n taxi of motor te koop of huur wat vir 'n rolstoel geskik is.
- Ander ouers kan in die middae kinders met huiswerk help.
- Ouers kan kinders help deur middel van kospakkies en voedingskemas.
- Die gemeenskap kan help om hulptoestelle vir die gestremde kinders te bekom. (Enige 4 × 2) (8)

8.3
- 'n Inklusiewe leeromgewing sorg dat geen diskriminasie teen gestremde kinders plaasvind nie.
- Dit sorg dat kinders leer om dié wat anders as hulle is, te aanvaar.
- Dit moedig leerders aan om empatie vir mekaar te hê. (Enige 2 × 1) (2)

8.4
- Leerders moet leer om diversiteit te aanvaar en van mekaar te leer.
- Leerders moet leer om verdraagsaam te wees teenoor ander kulture en oortuigings. (Enige 1 × 1) (1)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou